Oom Bey en die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie

Nico Koopman

Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie

In sy outobiografie wat in die negentigerjare verskyn het, noem dr Beyers Naudé vier sake waaraan hy nog aandag wil skenk voordat hy sterf, te wete:

*die uitbou van die ekumene,
*ekonomiese geregtigheid,
*die bestryding van korrupsie en
*eenheid en versoening.

Vir ongeveer agt jaar lank sou hy nog hiermee besig wees. Hierdie werk van oom Bey is egter nie voltooi nie. Die Sentrum aan die Universiteit van Stellenbosch wat na hom vernoem is, poog om, in die gees, styl en etos van oom Bey, sy visie en strewe te koester en oordink en om op beskeie wyse aan die realisering daarvan te werk.

Die ekumene

Oom Bey het hom beywer vir die uitbou van die ekumene. Hy het onder ekumene nie net die eenheid en samewerking van verskillende konfessionele tradisies verstaan nie, maar ook die dialoog en samewerking tussen verskillende godsdienste en lewensbeskouinge. Onder ekumene ressorteer vir hom ook die eenwording van kerke wat dieselfde belydenisgrondslag het, maar tog op grond van sake soos kleur en ekonomiese posisie geskei is. Hy pleit vir oorwinning oor die angs vir ander gelowiges!

Een van die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie (BNS) se oogmerke is om die ekumeniese beweging in Suid-Afrika met deeglike navorsing te dien. Die Sentrum het reeds in sy eerste twee bestaansjare een nasionale en een internasionale konferensie oor geregtigheid in die konteks van ekonomiese globalisering saam met die Ecumenical Service for Socio-economic Transformation (ESSET) van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke gehou. 'n Konferensie oor die kwaliteit van lewe na tien jaar van demokrasie in Suid-Afrika is saam met die Wes-Kaap Provinsiale Raad van kerke gehou. Daarbenewens het die Sentrum namens die SARK 'n teologiese beoordeling gemaak van die sogenaamde Defence Review Process in Suid-Afrika en die omstrede wapentransaksie van die regering. Hierdie studie is voorgelê by 'n internasionale konferensie oor wapenhandel in Swede, wat deur die Christian Council of Sweden en die Swedish Fellowship for Reconciliation gereël is.

Benewens die versterking van die ekumene, funksioneer die BNS ook met 'n ekumeniese gees. Die sieninge van verskillende konfessionele tradisies word gerespekteer en selfs die stemme van ander godsdienstige en sekulêre tradisies word deur die BNS met erns bejeën.

Ekonomiese geregtigheid

Oom Bey het geregtigheid beliggaam. Nie net geregtigheid as billikheid en as die gelyke verdeling van bronne, goedere en dienste nie, maar ook geregtigheid as verhoudinge van regtheid, trou, vrede en vreugde; geregtigheid as versoening; geregtigheid as opoffering en bewoënheid; geregtigheid as herstel van menswaardigheid en vreugde. Tot sy dood toe het oom Bey innig jammer gevoel vir noodlydendes en getreur oor hulle wat onder onreg ly.

Die BNS is by verskeie projekte betrokke wat die realisering van veral ekonomiese geregtigheid nastreef. Saam met kollegas in regsgeleerdheid, ekonomie en sosiologie aan onder andere die Universiteit van Stellenbosch, doen ons navorsing oor die afdwingbaarheid en toepassing van sosio-ekonomiese regte. Saam met die Duitse Akademies Bad Boll en Arnoldshain en die Teologiese Universiteit van Kampen in Nederland dink ons na oor wat menswaardigheid beteken in die konteks van ekonomiese globalisering. Vanaf volgende jaar doen ons saam met sentra vir publieke teologie in onder andere Skotland, die VSA en Australië navorsing oor die burgerlike samelewing en ekonomiese geregtigheid.

Korrupsie

Oom Bey het so baie opgeoffer vir die realisering van 'n Suid-Afrikaanse samelewingsbestel wat gebou word op die morele basis van 'n handves van menseregte. Hy moes egter aanskou hoe Suid-Afrikaners sukkel om die mooi waardes van die handves te praktiseer. Hy wou nog 'n bydrae daartoe lewer dat ons nie net dankbaar is omdat ons 'n handves van menseregte het nie, maar dat ons ook toenemend regte mense word, mense wat die mooi waardes van ons grondwet beliggaam en praktiseer. Hy het geglo dat omdat ons uit die krag van die Gees leef, Christene 'n bydrae daartoe kan lewer dat morele herlewing in Suid-Afrika en wêreldwyd plaasvind.
In samewerking met onder andere die Moral Regeneration Movement en rolspelers in die burgerlike samelewing, media, asook politieke en ekonomiese sfere van die samelewing, bied die BNS kursusse aan en doen ons navorsing oor morele rekonstruksie in Suid-Afrika. Vanaf volgende jaar werk ons saam met Nijmegen Katolieke Universiteit in Nederland aan 'n projek oor die vestiging van 'n menseregtekultuur onder jongmense.

Waarheid en versoening

Op die stigtingsdag van die VGK in April 1994 het ek oom Bey se hand geskud en gesê "Oom Bey, ek is so bly dat ons nou in een kerk is". Bokant oom Bey se bed in die versorgingsoord waar ek hom vroeër vanjaar op sy 89ste verjaardag besoek het, het die oorkonde gehang wat die VGK se algemene sinode aan oom Bey gegee het. Daarin kon ek sy verbintenis aan die VGK sien. Dat hy uit die NGK Aasvoëlkop begrawe is, en sy as na die VGK Alexandra geneem is, wys op sy brandende begeerte, selfs in sterwe, dat hierdie twee kerke herenig. Oom Bey het geglo dat kerke juis by uitstek die instansies is wat mense wat verdeel is bymekaar kan bring in waarheid en versoening.

Hy het geglo dat omdat ons uit die krag van die Gees leef, Christene 'n bydrae daartoe kan lewer dat morele herlewing in Suid-Afrika en wêreldwyd plaasvind.

Die BNS dien hierdie strewe van oom Bey deur navorsing te doen oor sake wat versoening, eenheid en vrede dien. Saam met die International Reformed Theological Institute in Amsterdam, die Mollukse Raad van Kerke en die Verenigde Protestantse Kerke in Nederland doen ons navorsing oor tersaaklike vrae soos geloof en antropologie, identiteit, etnisiteit, gender en vrede.

Toe ek van oom Bey en tannie Ilse wegstap op sy laaste verjaardag, het sy woorde my bygebly. Die BNS moet in diens van God se koninkryk staan. Die Fakulteit Teologie op Stellenbosch moet nie net plaaslik 'n boodskap van hoop bring nie, maar aan die hele Suid-Afrika en aan die hele wêreld.

En hoewel oom Bey toe reeds baie broos was, het hy hierdie, wil ek byna sê pretensieuse, woorde uitgespreek met 'n oortuiging, energie en kenmerkende pretensieloosheid wat my steeds met krag vervul.